

Ds. A. W. C. Bester
Lambertsbaai
8 Junie 2003

Onderwerp: Gedaanteverwisseling van die kerk

Lees: Handeling 2 verse 1 tot 13

Teks: Handeling 2 verse 1 tot 4

“Stel u ’n bruid voor wat alles in haar vermoë doen dat haar bruidegom nie moet kom nie.

“Sy is dan eintlik nie ’n bruid nie.

“Broers en Susters, ons kerk het so ’n verwagtinglose bruid geword.

“Kom Christus - goed.

“Kom Hy nie - ook goed.

“Laat ons toegee, die afwagting in ons bruidsverwagting is weg. Die afwagting op Jesus Christus se verskyning in die wolke, die engele en die lig wat van Hom uitstraal, gryp ons nie meer aan nie. Hierdie vooruitsig dwing en dring ons nie meer tot heilige aksie nie.

“Broers en Susters, ’n kerk by wie hierdie geloofsverwagting soos ’n volmaakte skildery aan die mure van die hart en lewe hang, is ’n kerk wat opbruise van aksie en daad - ’n Pinksterkerk. Dit is die resultaat van die werk van die Heilige Gees wat met die uitstorting van die Heilige Gees met die eerste Pinkster ’n gedaanteverwisseling in die kerk gebring het.

Wat die kerk van Jesus Christus vóór die koms van die Heilige Gees betref, was hulle op Pinksterdag bymekaar. Lukas sê: ‘En toe die dag van die pinksterfees aanbreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.’ (Hand 2:1)

“Wat is mooier en aangryplicher as dit? Die gemeente van Jesus Christus was almal daar. Almal! Nie een het ontbreek nie. Hulle was vermoedelik bymekaar op een van die gallerye van die Tempel. En tóé kon ’n mens die grote Jerusalem en die hele wêreld deursoek het en nêrens sou jy ’n tweede gemeente of kerk gevind het nie.

“Hoe lyk gelowiges in ons tyd? Hier is ’n paar dissipels van Jesus bymekaar; en ’n paar strate verder nóg ’n groepie; en dáár verder nóg ’n paar. Ons is so gewoon daaraan. En die een wil van die ander niks weet nie. O, die verskeurde liggaam van Jesus Christus!

“Hier in Jerusalem was dit op Pinksterdag egter soos dit moet wees. Almal was eendragtig bymekaar. Maar behalwe dit, was hulle gehoorsaamheid indrukwekkend. Dié gemeente het geluister na wat Jesus met sy Hemelvaart op die Olyfberg aan hulle gesê het. Hulle moes bly wag op die belofte van die Vader en hulle het dit almal gedoen.

“Is daar vandag ’n gemeente wat só volmaak een is in gehoorsaamheid aan Jesus Christus? Wat dag na dag dieselfde gehoorsaamheid het? Niemand wat by die huis lê; en niemand wat verskonings aanvoer nie?

“En waarmee het hierdie vroeë gemeente hulle dae en nagte van verwagting vol gemaak? Met gebed.

“Ook dit gryp ons aan en maak ons skaam. Bring in ons tyd ’n groep Christene bymekaar en wat vind jy? Diskussies, redenasies en ligsinnige praatjies; maar om eendragtig te bid en te dank - dit ken ons nie meer nie.

“En as ons nou alles saamvat - die eenheid, die gehoorsaamheid, die gebedsvolharding - dan sê ons dit was ’n pragtige voorbeeld van ’n gemeente. ’n Gemeente om op jaloers te wees. Die ideale gemeente.

Maar dit was nie die ideale gemeente nie. Eenheid, gehoorsaamheid en gebedsvolharding maak ’n gemeente (kerk) nog nie ideaal nie.

“Weet u waaraan laat hierdie dissipels ’n mens dink? Aan ’n klomp vreesbevange en paniekbevange mense in ’n bomskuiling; of aan ’n klomp opmekaargejaagde skape in ’n hoek.

“Daar buite het die stryd gewoed en hulle het weggekrui in ’n skuilkelder. Hulle het bymekaar gesit en bid en wag op ’n bevel van Jesus Christus. Pragtig, indrukwekkend en tog ook armsalig!

“Weet u, buite was die Jode besig om hulle Pinkster te vier. Honderde duisende Jode was besig om die eersteling van die oes te offer - sonder Jesus. Kort tevore het hulle Hom gevange geneem, gespot, geslaan, geloën en uiteindelik aan die kruis vasgespyker.

“Wat ’n gulde geleentheid was dit nie vir Jesus se volgelingen nie. ’n Mens voel lus om uit te roep: julle daar op die gallery, volgelingen van Jesus, kom af en gaan praat, gaan vertel van julle Verlosser! Kyk hoe wit is die oes. Maar hulle het bly sit waar hulle was. Nie een het die geleentheid aangegryp nie.

“Tog moet ons hulle nie te ernstig verwyt nie. Dit is ons, wat ná Pinksterdag leef, wat verwyt moet word.

“U sien hulle kon nie anders nie, want hulle het daar magteloos geskuil soos ongewapende soldate onder ’n bombardement.

“Kyk hulle ’n bietjie deur. Daar het Petrus gesit, die breedborstige; Thomas die twyfelaar; Jakobus die swarmoedige - elkeen met sy eie swakheid. Swakkeling in die gevaarlike omgewing waar hulle Meester ’n paar weke gelede vermoor is. Hulle het bymekaar gesit en geswyg. En tog was hulle ernstig oortuig dat hulle nie een woord aan die wêreld kon gaan sê sonder die krag van die Heilige Gees nie.

“Broers en Susters, hierdie oortuiging is nie altyd by ons aanwesig nie. Ons kan baie dinge doen en ontsettend besig wees, en tog kan alles, álles, waardeloos wees as ons in eie krag dinge wil doen en nie in die krag van die Heilige Gees nie.

“Die dissipels het in die Tempelgalerie weggekrui met ’n boodskap wat hulle vir die wêreld gehad het. Hulle was omring deur mense wat die Woord moes hoor. Maar hulle het geswyg. Hulle was soos ’n kerkorrel wat wag vir die klankgewende en kraggewende kragssentrale. Hulle het gewag, gebid en geswyg met die versugting: kom tog o Gees van God.

“En toe het dit gebeur! ’n Geluid soos ’n geweldige rukwind en tonge soos vuur het op hulle neergedaal. Die Heilige Gees het sigbaar sy verskyning gemaak en die gebede het opgehou. Almal het besef die belofte is vervul. Jesus Christus het sy woord gehou.

“Soos ’n windvlaag ’n huis binne swiep en elke vertrek deurwaai, so het God se Gees onverwags op die dissipels se harte geval en hulle hele lewenshuis gevul. ’n Gedaanteverwisseling het plaasgevind. Die dissipels was bevry van hulle vrees en het die wêreld daarbuite tegemoet gegaan in die krag van die Heilige Gees.

“Moenie dink dat die Heilige Gees voor dié tyd nie daar was nie. Selfs die eerste bladsye van die Bybel praat van Hom. Maar die Ou Testament sê ook dat die Heilige Gees niks in gemeen het met sonde nie. Sodra ’n mens sondig, wyk die Gees van hom. So was veral die Psalmis, Dawid, besorg dat die Heilige Gees hom sou verlaat. En wat kon hulle wat deur God geroepe was nie alles deur die Heilige Gees doen nie! Simpson was so sterk soos geen ander mens nie, toe God se Gees sy lewe beheers het. Maar ook so swak soos geen mens nie, toe die Gees van God van hom gewyk het.

“Die Ou Testament het gewag op die koms van Jesus Christus. En toe het Hy gekom en vir Hom ’n klein gemeente van dissipels versamel.

“Met Paasfees het sy bloed versoening gebring vir ’n Tempel vol sondaars, wat nog nie die Heilige Gees ontvang het nie.

“Met Pinkster is hulle almal met die Heilige Gees vervul en het die Heilige Gees Jesus Christus se skatte in hulle harte ingedra. En só kom die nuwe oesfees. Vergewing van sonde, vrede met God, die Ewige lewe, blydskap en ware sekerheid. Hulle is almal vervul.

“Broers en Susters, dit is n et die Heilige Gees van God wat hierdie gedaanteverwisseling in ’n mens se lewe kan bring. Die doodsbeendere kry lewe. Hulle staan nie maar net daar as geraamtes met vlees bedek nie. Nee, die Heilige Gees bring hulle tot heilige aksie. Hulle word wat God bedoel het dat hulle moet wees: priesters, profete en konings. ’n Godswonder word in so ’n lewe geplaas. Laat ons dit vanm ore met erns vir mekaar s e: dit en d it alleen is God se doel vir sy Kerk hier op aarde - vir jou en my.

“God wil nie, in eerbied ges e, ’n gemeente h e vol mense van vlees en bloed, spiere en senuwees, wat op die plek rus bly staan nie. Mense wat die kerkbanke blink sit nie.

“Hoor dit! God se einddoel vir jou en my is ’n aksie belaaide weermag wat sal uittrek om die w eld vir sy Koninkryk te wen.

“Die tonge van vuur op Pinksterdag het in werklikheid beteken dat die dissipels begin praat het. Hulle wat v or dit nog te bang was, het uitgetrek die vyandige w eld tegemoet en onbevrees gepraat oor Jesus Christus en die versoening met God. Die swygende orrelpype het musiek begin voortbring - hemelse musiek. En die inhoud daarvan is: Jesus die Verlosser leef! Sy bloed reinig van alle sonde!

“En wat was die gevolg daarvan?

“Die geskiedenis het bewys gelever dat miljoene der miljoene tot God se koninkryk toegevoeg is.

“Broers en Susters, die Heilige Gees kan die w eld Self aan God se voete bring, maar hierin wil die HERE mense soos ons gebruik, maar dan mense onder beheer van die Heilige Gees.

“Is ons dit?

“Die Heilige Gees is veral gekoppel aan getuienis. Laat ons maar erken, ten opsigte hiervan is ons ’n armsalige prentjie. Hoekom is ons so armoedig in ons geestelike lewe?

“Omdat die Heilige Gees van God nog nie al die vertrekke van jou en my lewenshuis besit nie. [Is daar sonde in jou lewe wat jy nie wil prysgee nie?]

“Broers en Susters, het Jesus dan tevergeefs gesterf? Het God jou en my dan sonder doel hier op aarde geplaas?

“Gee u oor aan die Heilige Gees wat aan u hart klop. Trek uit, werk en getuig tot op die dag wanneer Jesus weer sal kom. Ja, totdat elke knie voor Hom sal buig en elke tong sy Naam sal bely.

“As ons versuim om ons deel te doen, is ons besig om sy koms te vertraag. God se Woord sê dit.

“Ons moet seker maak dat ons Pinkstergelowiges is. Pinkstergelowiges is oesgelowiges.

“En met uitreikende hand trek ons Jesus Christus se wederkoms nader.

“Kom Here Jesus, kom gou!

“Amen.”